

Skriflesing: Jakobus 2:14-26Teks: **Jakobus 2: 14, 17, 26**Sing- **VOORAF SANG- Ps. 118:1,11****TYDENS EREDIENS- Ps. 100:1,2,3,4; Ps. 26:2,7; Ps. 116:9; Ps. 18:1,10****Jakobus 2:14-26****Jas 2:14** Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?**Jas 2:15** Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly,**Jas 2:16** en sê nou een van julle sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg," maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?**Jas 2:17** So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.**Jas 2:18** Maar iemand kan miskien sê: "Die een het die geloof en die ander het die dade." Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade.**Jas 2:19** Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bese geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs.**Jas 2:20** Jou dwaas, wil jy 'n bewys hê dat geloof sonder dade nuttelos is?**Jas 2:21** Ons voorvader Abraham het sy seun Isak op die altaar gelê. Is dit nie op grond van wat hy gedoen het dat God hom vrygespreek het nie?**Jas 2:22** Jy sien dus dat sy geloof met dade gepaardgegaan het en dat dit eers deur dade volkome geword het.**Jas 2:23** So is die Skrif vervul wat sê: "Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek," en hy is 'n vriend van God genoem.**Jas 2:24** Julle sien dus dat 'n mens vrygespreek word op grond van sy dade en nie net op grond van sy geloof nie.**Jas 2:25** Is Ragab die prostituut nie ook vrygespreek op grond van wat sy gedoen het toe sy die verkenners weggesteek en hulle met 'n ander pad laat ontkom het nie?**Jas 2:26** 'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood.**Skriflesing:** Jakobus 2:14-26Teks: **Jakobus 2: 14, 17, 26**Sing- **VOORAF SANG- Ps. 118:1,11****TYDENS EREDIENS- Ps. 100:1,2,3,4; Ps. 26:2,7; Ps. 116:9; Ps. 18:1,10**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, geloof gaan nie met die uiterlike gepaard nie; geloof mag nie gaan oor die aanneming en ophemeling van enige aardse persoon of stelsel nie. Daarmee het die ware geloof geen verband nie en mag ook nie daarmee in verband gebring word nie.

Wanneer ons oordeel op uiterlike dinge begrond is en om mense op grond van hulle uiterlike te beoordeel dan wil ons iets by die geloof in Jesus Christus voeg, wat nie daarby hoort nie. Nog 'n verkeerde rede rondom uiterlike beoordeling wat ons in die begin van hfst. 2 moet raaksien dat so 'n oordeel werk met dubbele standaarde en is gegrond op verkeerde oorwegings. 'n Derde rede waarom dit verkeerd is om mense op grond van die uiterlike te oordeel is dat dit gaan lynreg in teen God se manier van doen. Jakobus gee nog 'n rede waarom dit verkeerd is om mense uiterlik te beoordeel, is omdat dit geen voordeel inhou nie, dit bring so een niks in die sak nie. Jakobus wys daarop dat ten spyte van die voorste stoel wat die ryk man gekry het, het hy tog die arm christene hof toe gesleep.

Jakobus het dan verlede Sondag baie positief afgesluit waar dit gaan om die Wet wat vrymaak. Die Wet is nie daar om ons in 'n hoek te wil vaskeer en aan bande te lê nie. Wie reg na die Wet van die Here kyk sal beseft dat die Wet maak my vry, dit stel my in staat om al meer in ooreenstemming met die wil van God te lewe.

Kom ons stel dit anders, die Wet bring jou by 'n mens-wees uit wat daarop uit is dat jy al meer die mens kan word soos God wil hê jy dit vóór God moet wees. 'n Mens wat kan vryraak uit die greep van die sonde en in die opsig maak die Wet ons vry. Dit bind beslis nie ons hande vas nie, trouens dit maak ons hande los vir hoër diens verkore soos die Psalmdigter dit kon uitsing en ons dit ook vanoggend gesing het. Rondom dit wat ons vrymaking nog sterker maak, kom ons dan vandag uit by hoe die ware vryheid alles te make het met ook ons hande. 'n Ware geloof is 'n daadgeloof. Dit mag nie loslippigheid wees nie, geloof het 'n uitwerking in wat ons doen en daarom sal 'n ware gelowige altyd nog weer op soek wees en vra na wat kan ek nog meer doen vanweë die feit dat ek reeds glo. Hierin word ons ook getoets. Ons drie gedagtes by wat ons dan vandag as 'n ware daadgeloof bely is: Eerstens, ek sal hierin ook getoets word. Tweedens, hoe moet geloof en daade dan in mekaar gepas word. In die laaste plek - die twee mense in die Ou Testament wat Jakobus ons voorbeeld maak. Eerste dan-

Hier is nog weer 'n duidelike toets in die geloof ter sprake:

Wanneer Jakobus in sy hooflyne gevolg word, geliefdes, dan gaan dit in baie opsigte hoe God jou toets en weer sal toets. In hfst. 1 het dit al gegaan in wat is jou reaksie op God se Woord. Is jy bereid om gou te wees om te luister, stadig om te praat, nog stadiger om kwaad te word, want die woord wat my toets wil 'n ingeplante woord wees wat jou binneste moet volmaak. Ek moet daarna wil luister. Ek wil al meer en meer van die Woord inneem.

Ons word nie alleen getoets op grond van ons reaksie op God se Woord nie, verlede Sondag was die toets hoe beoordeel ek ander mense, of hoe maak ek onderskeid tussen mense. Ons moet altyd in staat wees om te oordeel maar dan moet jou oordeel nie op die uiterlike gegrond wees nie, dit wat met die aanneming van die persoon gepaard gaan nie. Tog moet ons geloof altyd verband hou met goeie werke. Hierin sal ons ook weer getoets word. Getoets in watter mate daar werke uit jou en my geloof na vore sal kom. Geloof wat na daade moet oorgaan want as dit nie gebeur nie dan word dit 'n vraag, nie na watter tipe werke ek mee besig is nie, maar

inderdaad word dit 'n vraag met watter soort van geloof is ek besig. Dalk die nog dringender vraag- in watter mate mislei ek myself. Geloof wat nie werke voortbring nie, geloof wat nie verband hou met goeie werke nie, is geloof wat nie lewe nie.

As u die gedeelte van God se Woord mooi hoor en ek dit werklik tot die been probeer deursny, dan kan ons nie anders as om te hoor hoe Jakobus in drif en erns dit beklemtoon nie. Hy praat met groot beslistheid dat 'n gelowige nie net sal praat nie, maar altyd bereid sal wees om die daad by die woord te voeg. Jakobus het soos verlede week weer baie praktiese voorbeelde. Verlede Sondag was ons by die man met die baie ringe en die arme daarenteen in sy vodde klere, wat op grond van sy uiterlike 'n sitplek in die kerk van daardie tyd geweier word. Vandag is dit net nog weer so 'n praktiese voorbeeld - *15 Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, 16 en sê nou een van julle sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg," maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? 17 So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.*

Jakobus sluit weer so duidelik aan by wat sy Broer uit hulle ouerhuis, Jesus Christus, *die Here van die heerlijkheid* (v.1), in werklikheid nou Jakobus se Here wat na sy opstanding apart aan Jakobus verskyn nie. Jesus het dit baie duidelik gemaak. Dit wat ons as deel van Jesus se eerste preek op aarde, sy Bergrede, moet hoor, waarby Jakobus so dikwels in sy brief by aansluit ... - *Matt.7:21: 21 "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Op die einde is dit sulke harde realiteite wat in die geloof sonder werke ons lewens oop grou as Jesus verder daarby voeg- 22 Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bese geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' 23 Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree."*

Jesus, Jakobus het een boodskap, ja ook Paulus as ons netnou mag kom by hoe geloof en werke dan werklik inmekaar steek. Hulle praat nie een teen mekaar nie. Belangrik dat ons by hierdie eerste punt sal besef, geloof sonder dade, en ook net woorde sonder dade, kan genoem word 'n

geloof wat dood is. Dit wat geen geloof meer kan wees nie. Die lewende geloof is dit wat God die Vader deur Jesus Christus my lewe mee volmaak, daarin roep ek voortdurend uit, my beker loop oor. Dit is soos 'n fontein van lewende water wat bly teen my opspring, dit vloei deur ons harte, dit deurdring ons verstand, jou verstand word letterlik daardeur geannekseer.

Dan kan dit mos nie anders dat hart en verstand jou hande sal aanraak nie. Jou lewe word 'n lewende daad van geloof. Nie jou daade red jou nie, dit sal Paulus ons wel later duidelik laat verstaan, maar verstaan ook goed hoe Jakobus met beslistheid die ander kant van dieselfde saak uitspel, dat as ek my geloof bely en ek weet nie wat liefde is nie, moet nie langer jou geloof, geloof noem nie. Die mense sonder kos en sonder klere laat jou geloof in haas en blydschap na klere en kos soek dat daardie mense gevoed en bekleed kan wees met wat werklike klere en kos is. Paulus sal 'n geloof wat ander mense in die koue van die lewe laat verklum beslis nie 'n ware geloof wil noem nie. Die geestelike van geloof mag beslis nie die praktiese en die hardheid van die lewe in my, naby my en rondom my miskyk nie. Al was Paulus die man wat daarin uitstaan dat hy teoreties en baie dogmaties met die betekenis van ons ware geloof kon omgaan maar sou hy beslis ook aanvaar dat al kan my goeie werke, of dan enige van my daade kan my nie red nie, maar dit waarmee Jakobus vandag mee begin het, is beslis dit wat ons die eerste punt mee kan afsluit – iemand kan nie beweer hy glo, maar sy daade bevestig dit nie. Dit bring ons by ons tweede vraag vandag:

Hoe moet geloof en daade dan inmekaar gepas word?

Laat ons eers weer hierdie Skrifdele bymekaarbring- 18 Maar iemand kan miskien sê: “Die een het die geloof en die ander het die daade.” Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder daade is, en ek sal jou my geloof wys uit my daade. Vers 22 is hier net so belangrik- 22 Jy sien dus dat ... geloof met daade gepaardgegaan het en dat dit eers deur daade volkome geword het. Ook die einde van vers 26- So is die geloof wat nie tot daade kom nie, ook dood. Ons word in Jakobus se ernstige gesprek wat hy hier voer dat geloof sonder daade en woorde sonder daade elke keer eintlik maar wys op 'n geloof wat dood is. Geloof en daade hoort bymekaar en kan nie vanmekaar geskei word nie. 'n Daadgeloof wat werklik praktyk gedrewe is, wys tegelyk op 'n besondere oorgawe aan Wie dié Christus is.

Ons moet ook nie enige spanning tussen Jakobus en Paulus wil aflei in wat Jakobus hier aan ons skrywe nie. Dit is wel só dat Paulus baie duidelik wys op geloof alleen wat tot saligheid dien. So lees ons in Rom 3:28: *28 Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet.* Paulus stel dit baie sterk dat ons werke kan ons nie red nie. Dit is alleen die geloof, ja geloof sonder werke staan ook in Rom 4:6- Daar skryf Paulus dat *Dawid ook die mens salig spreek aan wie God geregtigheid toereken sonder werke ...* In Efesiërs 5 verse 8-10 hoor ons eintlik mooi hoe Paulus hierdie verbande so mooi dogmaties vir ons neerlê: *8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; 9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. 10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.* In Galasiërs 4 vers 16 is nog weer 'n baie sterk uitspraak in die verband dat die werke nie kan bepaal wat my geloof sal wees nie- ons lees: *... 16 terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.*

Nou is die gevaar dat wanneer mense Paulus en Jakobus teen mekaar wil afspeel dan lei ons skade. Die belangrikste vir Paulus is ek kan nie met my werke, ja deur my toewyding en onderhouding van die wet enige iets voor God verdien nie. Ek kan alleen deur die geloof salig word, my werke kan nie my saligheid bring nie. Jakobus wat wel besondere klem op ons werke plaas en dat geloof sonder werke inderdaad dui op 'n dooie geloof is in geen teësprak met Paulus nie. Trouens ons lees in Handeling 15 eers hoe Paulus in 'n kerklike vergadering praat (Hand 15:12) en direk na hom kom Jakobus aan die woord en almal praat soos uit een mond dat geloof, die ware geloof is vir Jood en nie-Jood, besnede en onbesnede waaroor dit moet gaan.

Dan bly seker die vraag maar hoekom plaas Jakobus dan wel soveel klem op werke wat daar moet wees?! In alles kan ons aanvaar, Jakobus wat 'n leidende rol veral in Jerusalem se kerk moes vervul, skryf spesifiek aan die Jode wat in die verstrooiing is (Jak 1:1). Hulle moet weet my werke, ingesluit my besnydenis, kan my nie by die ware geloof uitbring nie, maar dan ook moet ek weet die geloof wat ons geskenk is, wil 'n werkende geloof wees. As die geloof nie in die praktyk enige verskil maak nie, is dit dan nog enigsins geloof wat daar is. So 'n dooie geloof

mag in alle geval nie as ware geloof of nog minder as geloof beskou word wat die lewe dien nie. Die geloof is dan op sigself dood.

Die lewe wat in Christus gedien moet word sal my hart, my kop en my hande bymekaar uitbring soos wat geloof en hoop en liefde kernelement in die evangelie van God is wat die een nie sonder die ander kan nie. Hulle moet bymekaar uitgebring word (lees ook die bekende 1 Kor. 13), tog sien Paulus die liefde as die grootste hiervan en daarmee is Jakobus met hom 100% saam, al bring Jakobus die liefde deur dade op die tafel want liefde wat nie gedoen word nie, nie bewys word nie, nie uitgeleef word nie, is leeg en niksseggend en daarom kan dit nie liefde wees wat in dieselfde koor saam met die geloof wil sing nie. Soos Paulus liefde met geloof laat trou so wil Jakobus, werke wat in liefde gedoen word, ook as die geloof se getroue lewensmaat beskou. Dit gaan inderdaad vir Jakobus om liefde wat gedoen moet word as dit gaan oor goeie werke wat in die geloof moet plaasvind, anders staan ek by die grafsteen, nie van liefde nie, want liefde is daar nie, maar is ek by die grafsteen van wat my geloof eintlik bedoel was om te wees, maar nou is dit dood. Wanneer ons hierdie noodsaaklike verband tussen geloof en werke dan nog vêrder voer, soos Jakobus dit doen, dan kom ons by die laaste gedagte vandag:

Twêe mense uit die Ou Testament wat getuig van 'n lewende geloof!

Ons het gelees van Abraham, hy die vader van ons as gelowiges, hy wat bereid was om liefde vir God en gehoorsaamheid aan God tot op die uiterste te voer. Daar waar hy getoets was of hy bereid sou wees om sy kind, waarvan eintlik al God se beloftes afgehang het, te offer waar die altaar, die mes, die toue reeds die kind gebind en bedreig het. Vir Abraham was sy geloof geen bedreiging nie, maar gehoorsaamheid in liefde wat hom laat glo het, maak ek hierdie kind dood, God sal my kind nie laat sterwe in wat die ware lewe en God se groot beloftes is nie. Vv. 21-22 stel dit baie konkreet: *21 Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? 22 Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke?*

Ook Ragab se rooitou-geloof waar sy eers 'n rooi prostituut-lewe gehad het, maar haar werke vir God het van 'n lewe begin getuig wat vertel van die geloof wat reeds in haar was en wat aan die werk was. In die ouer vertaling lees ons van haar: *25 En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodsquappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het*

nie? Twee mense uit die Ou Testament, eintlik totaal uiteenlopende figure wat self mekaar nie geken het nie en wat Abraham se getuienis oor Ragab as daar so iets sou kon wees, sekerlik verkeerd sou wees want sou hy haar ook soos enige gelowige mens op die uiterlike wou oordeel. Dit waarmee die hoofstuk van Jakobus mee begin, hoe die uiterlike nie die deurslag mag gee nie.

Dit waarmee ons die hoofstuk in ons reeks hier in Postmasburg vandag mee kan afsluit is toets u geloof self, want God gaan u ook daarin toets. Is ek besig met 'n geloof wat geleef word of is ek verstok in 'n dooie geloof waarvan daar dalk nog hier en daar net 'n paar lewende takke rondhang maar die boom is eintlik lankal vrek. Dis 'n tragiese geloof wat die naam geloof dra maar sy asem is weg. So is die geloof dan wat nie tot dae kom nie, ook dood. Ja, dan het ons reeds gepraat van 'n geloof wat baie gevaarlik naby aan die geloof van die demone kom, want die duiwels kan hulle geloof wel ook konstateer maar hulle sidder. Mag ons ook sidder in die wete as geloof 'n loslippigheid is maar geen dae nie. 'n Loslippigheid waarmee hfst. 3 die tonge gaan laat losraak.

AMEN